

Dit is sowaar al einde Maart. Die jaar het met 'n spoed begin. Die eerste kwartaal het vreeslik baie hoogtepunte gehad. Marietjie en Niel se seuntjie is gebore. Die pretstap, die gholfdag en die junior jeug kamp is al agter die rug. Al drie hierdie geleenthede was reuse suksesse. Ons het die pastorie se kombuis opgeknop en is nou besig met die kerksaal. As die eerste kwartaal die koers vir die jaar gaan bepaal, gaan dit 'n wonderlike jaar wees.

Die tweede kwartaal het ook baie mooi vooruitsigte. Paasnaweek is om die draai. Goeie Vrydag se nagmaal geleentheid is altyd 'n wonderlike hoogtepunt van ons jaar (14 April 08h30 en 10h00). Goeie Vrydag is die herdenking van die kerk se geboortedag. Daardie Sondag is Opstandingsdag en dan loof ons Jesus vir nuwe lewe wat sonder Hom nie moontlik sou wees nie!! Op Saterdag 27 Mei kom bedien 'n dramagroep ons met hulle weergawe van die passiespele. Dit gaan 'n wonderlike geleentheid wees. Hulle voer dit gedurende die Paasfees tyd op in die Goodwood teater, en dan neem hulle dit op toer. Ons is bevoorreg dat hulle ons deel gemaak het van hulle toer. Daar is ook van ons gemeentelede wat deel is van hierdie opvoering.

In Pinkstertyd kom verskeie ander predikers vir ons kuier. Professor Julie Claassen is 'n professor in Ou testament, sy kom preek op 21 Mei by albei die oggenddienste. Dr Charlene van der Walt kuier saam met ons op Maandag aand 29 Mei om 19h00 as deel van die Pinkster reeks. Sy is 'n ds in Maitland en 'n dosent in teologie op Stellenbosch. Ook as deel van die Pinkster reeks kom kuier ds Ruth Jonas vir ons op Woensdagaand 31 Mei. Sy is bevestig as predikant in die Metodistekerk, maar werk tans as direkteur vir die Bybelgenootskap. Sondagoggend 4 Junie kuier dr Braam Hanekom by ons gedurende die twee oggend dienste.

Ons kry baie navraag na meer opleidings geleenthede. In die verlede het ons gewoonlik al die kursusse en ander opleiding self uitgewerk en aangebied, en ons sal dit weer doen. Nadat ons wonderlike terugvoer gekry het oor die "Immergroen" ouerskapskursus het ons vir Juanita Oosthuizen uitgenooi om dit hier te kom aanbied. Ons as leraars is vertrouwd met die inhoud van die kursus, en vind dit sinvol en behulpzaam. Baie van ons gemeentelede het ook al die boek van Hettie Britz gelees waarop die kursus gebaseer is ("Kweek Kinders met Karakter"), en baie baat daarby gevind. As jy dink dis vir jou bedoel, hou die volgende datums oop: 25 Apr tot 13 Jun (Dinsdagaande).

Die jaarlikse Encore tee is die oggend van 10 Mei. Almal bo 60 is welkom! Dit is elke jaar 'n wonderlike samekoms. Ou vriende sien mekaar weer 'n slag, nuwe vriendskappe word gevorm. Sondagoggende is gewoonlik so gou verby dat ons ander geleenthede skep om 'n bietjie langer te kuier. Veral as jy nog nuut is in die omgewing, kom asseblief.

Met die finansiële jaar wat verby is en die nuwe begroting wat goedgekeur is wil ons bietjie terugvoer gee. Die 2016/2017 finansiële jaar was die beste in die geskiedenis van die gemeente. Die gemeente was nog nooit groter nie (3200 lidmate). Ter wille van ons begroting is dit vir jare lank al ons beginsel om konserwatief te wees. Ons neem gewoonlik die vorige jaar se werklike inkomste en aanvaar dit as riglyn vir die volgende jaar se begrote inkomste. As ons ter wille van sekere bedieningsdrome die begrote inkomste vermeerder is dit tussen 2 en 3 %, by uitsondering 5%. Hiervolgens word dan die begrote uitgawes beplan. Ons het nog altyd met 'n nul begroting begin en streng volgens die begroting gewerk. Ons is baie ernstig oor ons rentmeesterskap.

Gedurende die laaste 5 jaar het ons te midde van ons konserwatiewe benadering tog steeds die bediening kon groei. Ons kon weer die derde leraarspos vul. Ons jeug begroting en diensgetuieis begroting kon groei. Ons kon selfs elke jaareinde 'n paar rand in 'n spaarrekening plaas as buffer teen onvoorsiene uitgawes. Ons was bekommerd oor die orrel, maar soos julle reeds weet, toe hy breek bederf skenkers ons met die geld om hom te vervang. Ons het geweet ons het nog Sondagskool ruimte nodig. Toe ons besluit om die stoep toe te bou, skenk 'n familie in die gemeente ook dit vir ons. Die gevolg van al hierdie is dat ons vir die eerste keer in 'n situasie is dat ons alle herstel en onderhoud aan die kerk en pastorie uit ons spaargeld kan doen. Dit beteken dat ons vir die eerste keer ons hele begroting net ter wille van bediening kon beplan. Dit beteken vir ons vreeslik baie.

Ons is baie nederig in ons dankbaarheid teenoor ons Here en oor die gemeenskap van gelowiges wat ons met hierdie bediening vertrou. Ons sal dit nooit as vanselfsprekend aanvaar nie, dit bly 'n besondere voorreg. Ons glo dat die bediening van hierdie gemeente hier is ter wille van die gemeentelide en die groter gemeenskap waarbinne die Here ons geplaas het. Om onder leiding van die Heilige Gees mense te bedien, is ons enigste doel en grootste voorreg. Dankie dat ons kan deel in die wonderlike en feesvier oomblikke in julle lewens. Dankie ook dat julle ons vertrou met julle hartseer en worsteling. Kom kuier enige tyd, bel, skryf, facebook, instagram. (Die laaste 2 is vir die jonger dominees.) Bid asseblief dat ons aan ons roeping en aan Hom wat ons geroep het getrou sal bly.

**“Al wat van belang is, is geloof wat in liefde tot daad oorgaan.”**

*Gal 5:6b*

Nms die kerkraad

*Ds Thinus*

*Ds Elmarie*

*Ds Marietjie*